

Om gereed te maak om die Naam van die Here te gebruik.

Teks: Eksodus 3: 1 - 22 & Sondag 36

Teksvers: Eksodus 3:5

1. Inleiding

Geliefdes baie van u onthou nog 'n tyd waar 'n mens 'n kerkbaadjie sou aantrek vir huisbesoek, of selfs huisgodsdienste. En iets hiervan is ons fokus vanaand. Die opdrag in die derde gebod om die naam van die Here met uiterste heiligheid en respek gebruik. Ons weet hierdie gebod loop so diep deur gelowiges, dat antieke Israeliete nie eers die naam van God hardop gelees het, wanneer hulle die skrif so voorlees nie. Daarom het die Masorete dit ook nie van vokale voorsien, tot die teks later gevokaliseer is nie.

Maar wat is die Naam van die Here dan? En meer spesifieke waarop ons wil fokus vanaand hoe moet ons hierdie naam reg gebruik. In ons teksgedeelte vanaand word Moses geroep om die volk uit Egipte te lei. Hierdie roeping vind plaas wanneer God aan Moses in die woestyn verskyn. Tydens hierdie ontmoeting gaan God ook iets van Sy heilige Naam openbaar. Ons gaan in ons teksvers fokus op wat Moses doen om gereed te maak hiervoor.

Die vraag aan ons vanaand in 2026 is “hoe sorg ons dat God se naam met

die nodige eerbeid, respek en heiligheid gebruik word?” En daarmee saam: hoe gebruik ons self die naam van die Here? Want ons weet wanneer ons na die Wet van die Here uit Eksodus 20 luister, dan is die derde gebod die enigste een wat pertinent van straf op die oortreding daarvan praat. Tog soos die res van die geboorte op die eerste tafel van die wet, is die derde gebod nie 'n kriminele oortreding in ons siviele reg nie. Trouens lyk dit soms of dit mode in die vermaaklikheidswêreld is, om hierdie gebod te oortree.

2. Trek uit jou skoene

Ons het in die inleiding verwys na netjies aantrek voor die omgang met die woord van die Here. Dink daaraan vandag. Wat sou gebeur as ek elke keer voor ek die Naam van die Here wil gebruik eers my self gaan reinig en my beste kleure aantrek? Dit is vandag 'n vreemde konsep in 'n wêreld wat voortdurend eerder alles in die geloof en kerkwêreld wil aanpas vir gemak. Aanpas dat dit darem nie so vreemd is aan 'n wêreld rondom ons daar buite nie. Aanpas tot op die punt waar heilige sake maklik ontheilig word.

Maar dit is nie wat in ons teksgedeelte gebeur nie. In ons teksvers word Moses beveel om sy skoene uit te trek

want hy staan op gewyde heilige grond. Baie van ons ken vandag nog hierdie gebruik van die uittrek en buite los van jou skoene wanneer 'n afgodstempel besoek word. En niemand twyfel oor die rede dat daardie tempel verontreinig sal word met my vuil skoene nie. Maar Moses is tog in die woestyn, nie in die tempel nie.

Tog is daar geen twyfel dat God teenwoordig is hier in die woestyn nie. Hierdie stukkie woestyn word tempel omdat God almagtig daar teenwoordig is. Daarom kan Moses nie sommer so in die verbygaan iets interessant opmerk nie. Nee, hy moet gefokus op die heiligheid van die Here reg optree. Dit begin by 'n heilige afstand hou. En dan skoene wat die vuilheid van die alledaagse lewe bevat verwyder. Ons sien dan ook in vers 6 hoe Moses Sy gesig toemaak, om te verseker dat hy nie per ongeluk na God kyk en dan onmiddelik sterf nie.

Die vraag aan ons vanaand is hoe baie van hierdie tipe heilige eerbied is nog teenwoordig wanneer ons die Naam van die Here gebruik.

3. Dit kannie gebruik word om te beklemtoon nie

'n Saak wat vir ons as gelowiges vandag nog vinnig ongemaklik raak is die ydelike of laste gebruik van God se Naam. Ons sien dit wanneer mense die naam van die Here as 'n tipe kragwoord wil gebruik om iets te Aand Preek

beklemtoon. En dadelik veroorsaak die Heilige Gees binne ongemak. Want ons as gelowiges het die verantwoordelikheid om dit sover as moontlik te verhoud.

Die probleem met hierdie gebruik van die Naam van die Here, is dat dit selfs laer as 'n gemiddelde mensenaam is. Ons sien byvoorbeeld nie dat 'n ander persoon se eie naam ooit so gebruik word nie. En selfs die oorsese film en vermaaklikheidswêreld sal nie waag om 'n ander afgod se naam so te gebruik nie. Uiteindelik is die net die Here se naam wat op hierdie manier verkleineer word. Die konneksie met die bese is mos dan duidelik. En daarom moet ons niks daarmee te doen hê, en dit sover as moontlik bestry.

Maar daar was wel 'n mens wat volwaardig hierdie naam kom dra het. Hy kon dit doen omdat Hy ook volledig God is. Dit is ons Here Jesus Christus wat as mens na die aarde gekom het. Wat in ons plek die sonde kom dra het. Daar is nooit in Sy teenwoordigheid met heiligheid en respek opgetree nie. Trouens Hy is as misdadiger gekruisig, sodat ons vrygespreek kon word.

Tog neem die wêreld vandag ook die naam Jesus en gebruik dit ook op hierdie onheilige manier. Maar daar sal 'n dag kom wanneer elke knie sal buig en elke tong sal bely. Ons opdrag uit die derde gebod is om hierdie lasterlike gebruik se ver moontlik tee te gaan.

Ons moet sorg dat die Naam van die Here heilige gehou word.

4. Ons moenie onnadenkend met Godsdien se besig wees nie.

Ons kan nou vra, maar as ons so sterk afkeer aan die laster van God se Naam het, hoe sal ons as gemeenskap van gelowiges dit dan ydelik gebruik? En dit is juis waar ons opdrag vanaand weer bevestig word. Kleredrag is vandag nie meer so belangrik soos vroër jare nie, veral wanneer 'n mens na kerk en die samekoms van gelowiges kyk. Tog was kleredrag 'n manier om ook 'n ingesteldheid te bewerkstellig.

Ons kan vandag natuurlik steeds die ingesteldheid bewerkstellig sonder om 'n kerkbaadjie te gaan aantrek. Maar die vraag is doen ons dit nog. Of sou ons in ons teksgedeelte die Here onbewustelik antwoord dat ek nie nou my skoene gaan uittrek nie. Of ek sal later hoor wat God vir my te sê het, met respek gesê. Dikwels is dit die manier waarop ons die Naam van die Here ontheilig.

Ons is net teenwoordig in Godsdien se beoefening, maar ons hart en gedagte is eintlik ver. En dan word die naam van die Here ook leeg. Ons kan nooit die Naam van die Here, sommer terloops gebruik nie. Ons moet altyd gefokus en heilig daarmee omgaan. En daarom is dit so belangrik

om selfs in ons eie persoonlike stiltetyd gefokus afgesonder tot God te nader. Want ons kan nie uiterlik met die sake van die Here besig wees, terwyl ons hart en gedagtes eintlik iets anders doen nie.

Uiteindeik moet die wêreld meer verander om heilig te word soos die Here, en nie anders om nie. Dit begin met heilige gebruik van die Naam van die Here. Dit ontwikkel verder op die pad van nederige neerbuiging voor Sy wil alleen. Selfs al is dit ongewild of nie in die mode nie, God moet in alles geheilig en deur ons geëer word.

5. Slot

Ons kan vanaand afsluit deur weer te fokus op die groot genade wat ons ontvang uit die hand van die Here. God die almagtige skepper en onderhouer van die heelal wil met ons mense kinders bemoeienis maak. Hiervoor is Hy uiteindelik bereid om Sy enigebore Seun te offer. Christus kom bewerk dan ook weer vir ons toegang tot die allerheiligste, met Sy volmaakte kruisoffer. Maar die mens in sy sondige natuur minag hierdie groot genade.

Ons sien vandag hoe die wêreld vir God wil afbring na ons vlak. Hoe maklik daar geredeneer word, dat God mos sal verstaan omdat Hy 'n God van liefde is. Dit is dikwels die uitsprake waarmee sonde geregverdig word. Ook in die verhouding met die Here sien ons soms hierdie benadering. Die moderne mens se idee van die

almagtige God, is eerder iemand wat inpas in 'n moderne wêreld. God word eerder gesien as 'n vriend of 'n vennoot as die gesagspersoon wat Hy eintlik moet wees. En dit is dan wanneer selfs die naam van die Here leeg en betekenisloos word vir die mens. Wanneer mense dit sommer as 'n vloekwoord of uitroep gebruik. Daarom kan ydelike en laster gebruik van die naam van die Here gesien word as die openbare belydenis van die Ateïs.

Maar die duidelike opdrag van die Here aan ons in die derde gebod is dat ons ver van so oortuiging moet wees. God gaan nie toelaat dat Sy naam ontheilig word nie, en daarom kondig Hy ook straf eksplisiet en direk in verband met hierdie gebod aan. Ons moet egter ook luister wanneer daar figurlik van ons verwag word om ons skoene uit te trek. Om opreg en in volle gehoorsaamheid aan die Here nie net te lewe nie, maar ook ons geloofsbeoefening so in te rig.

Amen